Waterkruik

JAARGANG 58 NO 44 7 November 2021

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---Pretoria
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

EREDIENS VANDAG EN VOLGENDE SONDAG

Vanoggend se erediens is 'n voorbereidingsdiens met die oog op die viering van die Heilige Nagmaal, volgende Sondag 14 November 2021.

DIENSBEURTE

Oggend: Wyke 01 & 02
Oudle. Corrie Skinner
Paul Maritz
Diakens: Albert Chambers
Susan van der Poel
Fransma Scheepers

Aand: Wyke 25 & 26
Oudle: Sarel du Plessis
Gert Wibbelink
Diakens: Steve Chambers
Francois de Kock

Belydenisaflegging

Met groot dankbaarheid maak ons bekend dat daar vanoggend ses van ons jongelinge belydenis van hulle geloof aflê.

René Lemmer

Jack Chambers

Wayne Honiball

Sariana Honiball

Freddie Honiball

Tian Lategan

Ons bid opreg dat God se genadige lig julle lewenspad voortdurend sal bestraal. Hartlik geluk ook aan die ouers van hierdie verbondskinders wat God aan julle toevertrou het. Mag julle en julle kinders omvou word met sy liefdevolle ontferming, nou en in die toekoms.

KOLLEKTES

Diakonale kas: ABSA: Diakonie, Spaar Rek. No. 9139785681
Kerkkas: ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand. Rek. no. 000 340 685

DIAKENSVERGADERING

Die Diakens vergader Woensdag 10 November om 18:00 in die kerkgebou

OUDERLINGEVERGADERING

Die Ouderlinge vergader Woensdag 10 November om 19:00 in die kerkgebou
Ons vra u voorbidding vir die Here se seën op hierdie vergaderings.

Program vir die week

Maandag: Katkisasie soos gereël.
Katkisasie tye:

Graad 11	16:15 - 17:00
Graad 9, 10	17:00 - 17:45
Graad 12	17:45 - 18:15
Graad 7, 8	18:15 - 19:00

Bybelstudie 19:00 - Studente en jongwerkendes (pastorie)

Woensdag:
18:00 Diakensvergadering
19:00 Ouderlingevergadering

Donderdag: 09:30
Bybelstudie in die kerksaal

TEESKINK

Baie dankie aan die susters van wyk 25 & 26 wat vanoggend o.l.v. srs. Debbie Lemmer en Sophia Theunissen tee en koffie bedien.

Almal word ook hartlik uitgenooi om na die erediens saam met die jongmense en hulle familie 'n koppie tee in die saal te kom geniet.

PARKERING

Daar is tydens die oggenderedienste 'n wag buite die kerkterrein om die motors op te pas asook veilige parkering in Langestraat by die skoolterrein. Die parkeerruimte by die skool het 'n hek wat tydens die erediens gesluit is.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee." 2 Tessalonisense 3:16

Dinsdag 9 November
Br. Leon Haasbroek 082 459 6267

Donderdag 11 November
Levi Meijer (1) 083 289 7599
Sr. Drieks Snyman 076 574 0850
Br. Peter van der Poel 073 523 2009

Vrydag 12 November
Sr. Karlise Scheepers 076 580 5569

Hartlik geluk aan sr. Drieks Snyman wat Donderdag haar 92ste verjaardag vier. Ons bid u die Here se ryke seën toe. Mag die nuwe lewensjaar vir u goeie gesondheid en geluk inhou. Ons wens u 'n mooi dag toe saam met u geliefdes

Hartlik geluk aan br. Daniël du Plessis wat onlangs in die huwelik getree het met Michelle. 083 255 3830

Ook hartlik geluk aan br. Raun Landsberg 083 275 7989 wat Saterdag in die huwelik tree met Olivia. Ook geluk aan br. Japie 083 454 4468 en sr. Jany met julle seun se huweliksbevestiging.

Ons bid beide egpare die Here se seën toe op hulle huwelike. Mag julle lank en gelukkig saam wees met die Here as middelpunt in julle lewe.

MEELEWING

Vanoggend word die verbondskindjie van br. Herman en sr. Renske van Heerden gedoop. Hartlik geluk. Mag die God van wordende geslagte ook aan julle die genade en wysheid gee om Johannes saam met Helené en Thomas op te voed in sy verbond en tot sy eer. 082 604 3352

Br. Tian Lategan word ook vanoggend as volwassene gedoop en sal daarna saam met die groep belydenis van sy geloof aflê. Hartlik geluk 065 949 7055

Ons wens Matts Meijer, wat Vrydag 'n mangeloperasie gehad het en pypies in sy ore gekry het, spoedige beterskap toe. 083 289 7599

"Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik "(Mat. 5:16).

ATTESTATE

Dit is vir ons 'n voorreg om naas die 4 jong lidmate wat vanoggend in ons gemeente opgeneem is nadat hulle belydenis van geloof afgelê het, ook nog nuwe intrekkers te verwelkom.

Christiaan 082 415 4507 en Eljé 076 630 7006 Oosthuizen het van Centuriongemeente by ons aangesluit.

Riaan 079 903 3930 Reyneke en Anneke 083 655 3771 van der Dussen kom van Lyttelton gemeente. Peter Wassenaar en sy vrouTertia en hulle kinders Mieke en Theo kom van die Brooklyngemeente.

En Theunis 083 680 7844 en Kobie(jnr) 076 981 7216 van Wyk is weer terug in ons gemeente nadat hulle 'n tyd lank in Cachetgemeente was tydens hulle studiejare.

Hartlik welkom aan elkeen. Ons vertrou dat julle sommer gou deel sal voel van die Waterkloofrandfamlie.

Br. Hennie Nel en sr. Emma-Gene Nel het gemeenskap met die Gereformeerde Kerk opgesê en na die APK gemeente Wonderboom vertrek.

KERKKOOR

Ons het 'n sanggroep in ons gemeente gestig. Die oefentye is op Sondagmiddae van 17:15 tot 18:15. Die koor benodig nog dringend bas- en altstemme. Skakel Santefielie by 082 925 8802 indien jy wil aansluit of meer wil weet.

KERSPROGRAM

Ons jaarlikse Kersprogram word gehou op Sondag 28 November direk na die oggenderediens. Teken solank die datum in jou dagboek aan.

"OP 'N ROTS GEBOU!" GEREFORMEERDE JEUG VERENIGINGKAMP 2021

Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord. – Psalm 119:9 Afr, 1953

Met groot opgewondeneheid kon 80 studente en jongwerkendes die naweek van 22 – 24 Oktober die pad aandurf na 'n pragtige kampterrein, *Warthog Inn*, naby Brits om deel te wees van hierdie besondere en historiese gebeurtenis. Die gevoel van 'n kamp waar verskeie gereformeerde gemeentes se jongmense saamkom om bande te bou met die breër gereformeerde gemeenskap, is iets wat vele van ons met ons studentedae sal verbind - die eerstejaarskamp voordat mens 'n nuwe fase van studentwees

aanpak. ‘n Kamp wat egter vir jong mense tot en met die ouderdom van 30 gereël word, spesifiek vir die Pretoria gemeenskap, vul ‘n leemte wat vir etlike jare nie gevul was nie.

Opgewonde het ons ons slaapsakke ingepak, blikbekers afgestof en tekkies reggekry om hierdie nuwe vereniging se ontstaan te kan beleef. Dit is met groot dankbaarheid wat ons weer opnuut versterk kon word deur die ongelooflik verrykende en bemoedigende ervaring van ‘n geloofsgemeenskap – selfs méér as dit, ‘n gemeenskap wat as’t ware gebou is op ‘n rots – Die Rots van Christus en dus die gereformeerde belydenis.

Die kamp het afgeskop met ‘n behoorlike kenmekaar waar ou-kennisse weer bande kon versterk en nuwe vriendskappe gevorm kon word. Na afloop van aandgodsdiens, het die oop sterrelug en unieke gevoel van ‘n kampterrein die perfekte atmosfeer geskep vir jongmense van 15 verskillende gereformeerde gemeentes om te kuier en te gesels sonder die alewige beperking van die gedagte aan ‘n wekker en ‘n tekort aan tyd wat ons so dikwels in die stad ervaar.

Ondanks die moegheid wat tussendeur sigbaar was, het die adrenalien vir wat nog voorlê daarvoor gesorg dat die Saterdagoggend geesdriftig begin het soos dit hoort – met koffie en beskuit. Na afloop van ‘n natuurwandeling en heerlike “brunch” was almal behoorlik wakker en uitgerus om te kon voortgaan met die werkswinkel van die kamp getiteld: “Op ‘n Rots gebou!”. Met die kamp en stigting van die jeugvereniging geanker in die kern van die Evangelie is die regte boustene gelê om die wonderlike gedagte en inisiatief van die jeugvereniging ‘n realiteit te maak met die historiese verkiesing van die Gereformeerde Jeug Vereniging (GJV) se bestuur vir die jaar 2022. Ons is dankbaar en wens ons eie Anri van Aardt baie geluk wat Gereformeerde Kerk Waterkloofrand op die bestuur verteenwoordig.

Na afloop van al die formele verrigtinge kon ons onsself weer vir ‘n oomblik verbeel ons is Graad 8 leerlinge by ‘n veldskoolkamp en was baie pret-aktiwiteite op ons program vir die res van die dag. Na die energieke geskarrel

van ‘n Bybelskattejag asook die kinderlike avontuur van ‘n regte lantern-bekruip, het ons voor die kampvuur tot rus gekom en die aand met Psalmsang afgesluit. Ons is opreg dankbaar vir die predikante en jongmense wat hulleself vir hierdie nuwe vereniging beywer – wat vir ons ‘n geleentheid bied waar ons in Christus verenig is en Hom kan loof vir die uitsonderlike gawe en genade van hierdie gemeenskap van gelowiges.

Hierdie eerste kamp was ‘n enorme sukses. Ons sê dankie vir al die harde werk en beplanning – veral ook vir Ds. Gerben se betrokkenheid en inisiatief en sien uit om te beleef hoe hierdie vereniging verder gaan ontwikkel en groei tot eer van God.

Dalena Martiz

EK WENS PARTYKEER GOD WIL OPTREE SOOS WAT EK DINK HY MOET

Ek wens partykeer God wil optree soos wat ek dink Hy moet.

Net wanneer ek dink ek verstaan God, tree Hy anders op as wat ek dink.” Ek sal nooit hierdie woorde vergeet wat ’n vriend jare gelede kwytgeraak het nie. Dit was nie ligsinnig bedoel nie. Alles behalwe. Hy het dit opreg bedoel. Vandag besef ek dit is ’n diep waarheid, wat daardie vriend gedeel het. Ek besef al hoe meer God is groter, genadiger, heiliger, nader, maar ook anders as wat ek dink. Nooit kan ek God in my eie beperkte klein boksies vasgevang kry nie. My nadenke en my woorde skiet gedurig te kort. Ek ken ten dele, soos wat Paulus in 1 Korintiërs 13 skryf. Ek verstaan ten dele. Maar van een ding is ek seker: die Here is nie anders as wat Hy Homself in Sy goeie Woord bekend maak nie. Hy tree dalk partykeer anders op as wat ek dink, maar Hy is definitief nie anders as wie Hyself sê Hy is nie.

God is nie onkenbaar nie. Of wispelturig nie. Daar is nie verskuilde donkertes in Hom nie. Hy is altyd liefde. Hy is altyd die God van genade en

oorvloedige lewe. As ons na Jesus se kruis kyk, dan sien ons die hemel se opofferende liefde in volkleur raak. Dan leer ons dat God se genade nimmereindigend is. Nie eens sonde en die dood kan ’n einde hieraan maak nie.

Al verstaan ons nie aldag die Here se handewerke nie en al gryp Hy nie elke keer in, soos wat ons gedink het Hy moes nie, is Hy steeds wie Hy is. Hy is die God van liefde en ontferming. Sy naam is Immanuel, God by ons. Hy het kant vir ons gekies. Niks kan ons van Sy liefde skei nie.

Dalk weet ons genoeg van God af as ons dít weet. O ja, en as ons dit ook van harte glo.

Stephan Joubert

"Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon. Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God. Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees. So sal blyk dat die Here regverdig is, dat daar by Hom geen onreg is nie. Hy is my rots." Psalm 92:13-16

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469
MONUMENTPARK

SKRIBA
Wico Swanepoel
084 588 5654

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK
Arie Hoogenboezem
082 785 0804

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER
Hein Wichmann 082 873 3569

WEEKKOSTER
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOORURE
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE